STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

28 JULIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**KWARTAALTEMA**

Ons leef in God se KONINKRYK.

**OGGENDDIENS en GESINSDIENS**

Waarvoor is jy bang?

Markus 8:35-38

**AANDDIENS**

Markus 8:35-38

**JEUGDIENS**

*Couch Tuner*

**DEURKOLLEKTE**

Kosprojek

Die gemeente se kosprojek is reeds vir jare behulpsaam om gesinne wat finansiele nood beleef in die gemeente en omgewing met voedselhulp te ondersteun.

## EREDIENSTE

| | | | 28 Julie | | 4 Augustus | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 2 | Dr. Hanekom | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Visagie | 8 | Ds. Breytenbach | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Geen diens | - | Ds. Visagie | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Breytenbach | - | Ds. Potgieter | - |
| 18:00 | Kleinsaal | Aanddiens | Mike v. Deventer | 13 | Mike v. Deventer | 11 |

## KONINKRYKSTYD – GESPREKSGELEENTHEDE

- **Maandag 29 Julie 19:00 kleinsaal**

Ons kan positief wees, ten spyte van al die gebeure rondom ons. Waarom laat mense toe dat hulle vasgevang word deur angs en vrees in die sosiale, maatskaplike, ekonomiese, spirituele en ekologiese milieu waarin ons ons bevind? Hoe leef ons sinvol in God se wêreld?

Aanbieder: Dr. Deon Bruwer, pastorale sielkundige. Geen besprekings nie.

- **Donderdag 8 Augustus 19:00 kleinsaal**

Tema: Die uitdaging en geleenthede van 'n kapitalistiese ekonomie.

Aanbieder: Prof. Stan du Plessis, Departement Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch. Geen besprekings nodig nie.

## AANDDIENS IS NOU 18:00 IN KLEINSAAL

Die tyd en lokaal van die aanddiens verskuif na 18:00 in die kleinsaal. Met die veranderinge gaan ons ook die bedieningstyl van die erediens vernuwe.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE:  Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00 tot 18:50.  Kwartaaltema:  *Couch Tuner*
- SENIOR KLEINGROEPE:  Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30
- BLISS:  Vir studente en werkende jongmense.  Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en  Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom.  Kontak die jeugkantoor met navrae.
- RELEVANT:  Dis vir jong volwassenes.  Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Wyn en bier word ook bedien. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.

## VATVYF-BYEENKOMS

VatVyf-byeenkoms op 7 Aug. om 10:00 in die kleinsaal.   Kom luister na Mariette Opperman wat in 2018 die volle Camino-roete saam met haar man, Chris, gestap het.  Sy kom gesels oor  "Die lewe as 'n reis en nie 'n bestemming nie – wat die Camino my geleer het". Ons geniet vooraf 'n koppie tee en 'n toebroodjie.  Almal welkom, geen besprekings is nodig nie.

## OMGEETRUST WYNVEILING

**26 Augustus 18:30**  Ons jaarlikse wynveiling ten bate van die verskeie projekte van die trust kry spesiale kleur met 'n wynproe aangebied deur Kobus Deetlefs van Deetlefs-wynkelder, Rawsonville.  Koste is R150 per persoon wat 'n driegangmaaltyd, drank, asook die wynproe insluit.  Kontak Adri by a3durand@gmail.com om 'n tafel vir vriende of besighede te bespreek.

## GEMEENTEBRAAI VRYDAG 2 AUG.

Lidmate word uitgenooi na die maandelikse gemeentebraai op Vrydagaand 2 Augustus.  Kole is vanaf 19:00 gereed.  Bring jou eie vleis, drinkgoed, bykosse, eetgerei en glase.  Ons verdryf die winterkoue met 'n lekker groot vuur.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Markplein

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar.  Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die  kafeteria.

## KAROOKUIER 6 SEPTEMBER

Die Vosburg-distrik gaan onder erge droogte gebuk. Onsekerheid bestaan of hulle met die Karookuier sal kan voortgaan. Die funksie bring heelwat onkoste mee en boonop het boere te min slaggereed lammers en kon hulle slegs 160 lammers (teenoor die 300 van 2018) ingesamel kry. Stellenberg wil graag met die Vosburg-komitee besin oor hoe ons die Vosburgers kan ondersteun en sal spoedig terugvoer in die verband gee. Indien u met die leen van 'n koeltrok, of op enige ander wyse hulp kan verleen, kontak asb. vir Christien Ferreira 083 440 2086, of Karen Visagie 082 827 9389.

## GEBEDSBYEENKOMS VIR VOSBURG

Op Dinsdag 30 Julie bid ons tydens die Asemskep-gebedsbyeenkoms vir die boere en die erge droogte in Vosburg. Kom sluit gerus om 18:30 by ons aan in die kapel.

## ONTVANG GEMEENTENUUS ELEKTRONIES

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

## MET LEEDWESE

Ons neem met hartseer afskeid van twee getroue lidmate:

- Daniël Henry (Danie) Ebersohn, gebore 14/06/1939 en oorlede op 18/07/2019. Danie was sedert 2013 'n lidmaat van die gemeente en 'n gewillige en ywerige helper by die kerkkantoor. Ons meegevoel aan sy kinders en kleinkinders wat hy agterlaat. Ronél Esterhuizen, sy dogter, is self ook 'n lidmaat van die gemeente.
- Marléne Koen, gebore 5/10/1944 en oorlede op 17/07/2019. Marléne was sedert 1982 'n aktiewe en meelewende lidmaat van Stellenberg-gemeente. Sy het ook jare lank by Stellenberg Hoërskool gewerk. Haar roudiens is op 22 Julie in die kerk gehou. Ons innige meegevoel met haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 1 Aug om 15:00 en 15:45

1 Petrus 4:1–19: Kan lyding ook oorwinning wees?

### HUISBYEENKOMS

Sondag 28 Julie om 18:00 Hosea 1

Dis nie alles in 'n naam nie . . . genade bly staan!

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 5 Augustus om 09:30 in die kafeteria. Bring jou brei- en hekelwerk saam. Nuwe lede is baie welkom.

### LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil lees, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.
Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

## STELLENBERG FINANSIES

Tydens die begrotingsproses evalueer gemeentebedieninge jaarliks hul beplande projekte krities. Die gemeente se fokuspunte, asook die beginsel om nie meer te spandeer as wat ons verwag om in te kry nie, word as riglyne benut. Die begrote uitgawe vir die huidige boekjaar beloop ongeveer R10,7 miljoen en word verdeel tussen: **uitbou** (fokus na buite), **opbou** (fokus binne die gemeente) en **ondersteuning** (administrasie en eiendomme).
Die begroting word deur die volgende inkomstebronne befonds :

| | |
|---|---|
| Bankkollekte | 11% |
| Jaarlikse dankoffer | 17% |
| Maandelikse dankoffer | 47% |
| Fondsinsamelings | 19% |
| Huurinkomste | 6% |

Die gemeente spring nie die impak van negatiewe ekonomiese omstandighede vry nie en daarom het die kerkraad besluit om nie vanjaar vir 'n inflasionêre verhoging in inkomste te begroot nie. Bedieninge moes hulle uitgawes met tussen 2% en 5% sny. Maandelikse dankoffers is die gemeente se hoofbron van inkomste, maar slegs ongeveer 30% lidmate het tot einde Junie 2019 maandeliks tot die gemeente se begroting bygedra. Gevolglik bedra die inkomste uit dié bron tans R100 000 onder die begrote bedrag. Ons doen 'n beroep op lidmate om gemeentewerk ook finansieel te ondersteun. Kontak gerus vir Marguerite Bester, marguerite@stellenberg.co.za/ 021 976 4519 vir meer inligting oor die begroting, of vir die verskillende opsies hoe bydraes gemaak kan word.

## VAKATURE VIR 'N VERPLEEGKUNDIGE

Die dienste van 'n geregistreerde suster word benodig tydens die Feesmark vanaf 23 Oktober tot 9 November. Die geskikte kandidaat moet weeksdae vanaf 14:00 tot 19:00 op die Feesmarkperseel beskikbaar wees, asook Saterdae tussen 13:30 en 17:30. Stuur asb. jou CV na feesmark@stellenberg.co.za om vir die pos aansoek te doen. 'n Vergoedingspakket word aangebied.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE